



Die Boran:

Uniek geskik vir die Suid-Afrikaanse omgewing

Deur Yolanda Venter, Boran Beestelersgenootskap

Die Boran-ras het ontwikkel nadat *Bos indicus*-beeste na Afrika gebring is, ná die Arabiese inval in Oos-Afrika ongeveer 700 nC. Die ras is vernoem na die Borana-plato in Suid-Ethiopië, 'n hoogliggende gebied met strawwe klimaatstoestande en voort-slepende droogtes.

Die unieke eienskappe van die Boran is in die vroeë 1900's formeel deur Keniaanse veeboere erken toe die Keniaanse Boran-beestelersgenootskap gestig is om die ras te beskerm en verbeter.

Die Boran het 'n skof en is 'n medium-raam dier met goeie bespierung en kapasiteit vir grootte. Die genetica van die Boran is uniek en die DNS-samestelling bestaan uit *Bos indicus* (64%), Europese *Bos taurus* (24%) en Afrika-*Bos taurus* (12%).

In Augustus 1995 is die Boran as 'n ras deur die destydse Departement van Diereverbetering erken en op 17 Mei 2003 is die Boran Beestelersgenootskap van Suid-Afrika gestig. Die doelstellings van die genootskap is om die ras uit te brei en te bevorder, om die suiwerheid van die

Boran-ras in Suid-Afrika te behou en om die belange van die ras op elke moontlike manier te bevorder.

Die rol van die Boran

Die Boran speel 'n belangrike rol in die Suid-Afrikaanse beesvleisbedryf. Die ras produseer hoë-gehalte vleis teen lae insetkoste, en kan suksesvol van die veld afgerond word danksy hul geweldige rumenkapasiteit, beweeglikheid oor moeilike terrein en vermoë om blare te selekteer. Die Boran is al vir 1 300 jaar 'n suiwer Afrika-ras, wat uitstekende basterkrag in kruisteelprogramme bied, terwyl dit ook 'n beduidende rol in die produksie van beesvleis onder ongunstige omgewings-toestande speel.

Kenmerkende eienskappe

- Hoë weerstand teen bosluise en Afrika-siektes.
- Behou kondisie in droogtes.
- Beskerming teen predasie en veediefstal danksy sterk kudde- en moederinstink.
- Goeie temperament.
- Hoë vrugbaarheid.

- Doeltreffende omskakeling van swak gehalte ruvoer in kilogramme vleis.
- Langslewendheid.
- Vroeë volwassenheid.

Algemene voorkoms

Die Boran het 'n medium raamgrootte, en bewese vrugbaarheid en produktiwiteit. Dié beeste het voldoende bespierung asook liggaamslengte en -breedte, en is struktureel gebalanseerd. Dit is belangrik dat diepte nie hier met hoogte verwar word nie. Die begrip 'kapasiteit' beskryf in wese die 'inhoud' van 'n dier in terme van sy lengte, breedte en diepte (kapasiteit = lengte x breedte x diepte).

'n Goed gebalanseerde Boran moet eenvormig wees en 'n balans in lengte, breedte, diepte, bespierung en gehalte toon. Aangesien die ras baie aanpasbaar is in verskillende omgewingstoestande, is dit noodsaaklik dat die raamwerk van die Boran die volgende kenmerke weerspieël:

- 'n Sterk, wye bek, met groot neusgate.
- Vol en breë bors.
- Diep en vol buikomvang.
- Goeie sprong van rib voor- en agter.

- Deurlopende goeie breedte (borskas, romp en agterkwart).
- Algemene struktuur van die raam wat vorm en grootte aan die dier gee.

Gewenste eienskappe in die Boran

- Breë, sterk en wye bek, met 'n wye onderkaak en tande wat goed teen die kussinkies van die boonste kaak pas.
- Goeie skoueraanhegting wat loopvermoë vergemaklik.
- Sterk rug en lende.
- Lang, goed geplaaste ribbes vir goeie kapasiteit.
- Kruis met 'n goeie lengte van die heup- tot die sitbene.
- Goeie breedte tussen die sitbene en tussen die agterste heupgewrigte.
- Sterk, droë en stewige hakke wat geensins na sekel-, koei- of reguithakigheid neig nie.
- Sterk en stewige kote wat nie té reguit, styf of sponsagtig is nie.
- Hoewe van voldoende grootte, kompakte, goed gerond en diep, met 'n egalige sool.
- Reguit voorbene sonder enige teken van kruis- of bakbene. 'n Oneweredige afslytpatroon aan die binnekloue is gewoonlik 'n aanduiding van strukturele probleme aan die skouers of voorbene.
- Bene is baie belangrik. Diere moet gemaklik kan loop. Oneweredige beweging van die hakke, reguit- of sekelhakke en swak of stywe kote moet tot elke prys vermy word.
- Manlike geslagsorgane moet goed



Die Boran toon goeie bespiëring, lengte en breedte, en is struktureel gebalanseerd. (Foto: André Pretorius Fotografie)



Borankoeie het uitstekende moedereienskappe, wat ook beteken dat hulle hul kalwers teen roofdiere beskerm.

- ontwikkel wees, met ewe groot testikels en geen tekens van enige afwykings nie.
- Vroulike reproduksie-organe moet groot genoeg wees en geen tekens van abnormaliteite toon nie.
- Uiers moet goed ontwikkel wees, met gebalanseerde kwarte en sterk aanhegtings aan die kante, voor en agter.

Eienskappe van Borankoeie

Borankoeie het baie goeie uiers met goed gevormde spene. Hulle is uitstekende moeders wat hul kalwers van die veld af grootmaak om gemaklik teen 50% van hul liggaamsgewig te speen. Borankalwers is klein, verseker maklike kalwing en is van geboorte af gehard.

Borankoeie het voortrefflike moedereienskappe, wat die beskerming van hul kalwers teen roofdiere insluit. Hulle is ook uiters vrugbaar. Selfs onder strawwe omstandighede sal Borankoeie aanhou produseer en hul kalwers grootmaak.

Ander eienskappe

Die Boran het ook ander gesogte eienskappe. Dit sluit 'n dik, los vel met kort, blink hare in. Hierdie vel maak hulle 'n minder gewilde gasheer vir bosluise en vlieë. Die vel, dik oogbanke met baie lang wimpers en 'n lang stert met 'n groot, goed gevormde kwas help om hierdie inheemse Afrika-ras teen insekte te

beskerm. Deur natuurlike seleksie het hulle uiters bestand geraak teen die effek van inwendige en uitwendige parasiete soos bosluise.

Hulle is nie-selektiewe blaar- en grasvreters, met 'n rumen en metabolisme wat swak gehalte ruvoer kan hanteer. Borane se kudde-instink maak dit maklik om hierdie beeste in bosagtige omgewings te bestuur. Hulle reageer vinnig ná die eerste reën en kan met sukses op die veld afgerond word.

Die Boran is 'n vroegryp-ras met 'n rustige temperament. Hulle is ook bekend daarvoor dat hulle oor die algemeen rustig en maklik hanteerbaar is.

Hulle beskik oor buitengewone kruisteelvermoëns en bied baster- en aanvullende krag aan die nageslag van enige kudde. Die ras toon aansienlike geslagsdimorfisme, met veel groter bulle en vrouliker koeie.

Die Boran is goed geposisioneer om die mark vir veldvleis te betree en toon uitstekende vleisgehalte en -sagtheid. Hierdie unieke ras kan beesvleis teen die laagste koste per kilogram per hektaar produseer, wat dit een van die winsgewendste en ekonomies volhoubaarste beesrasse maak. **VP**

Vir meer inligting, stuur 'n epos aan Yolanda Venter by Yolandav@stemma.co.za of besoek www.boran.org.za.